FREE STATE BADMINTON ASSOCIATION CONSTITUTION

(2015)

CONSTITUTION: BADMINTON FREE STATE

ANNEXURE B: RULES, REGULATIONS AND BYE-LAWS

Rule 1: Affiliation

(1) No affiliated Club shall be allowed to play matches against non-affiliated Clubs without the prior consent of the Committee.
(2) Permission must be obtained from the Committee for matches to be played against Clubs outside the Free State.
(3) Any affiliated Club wishing to resign from the Association, must give written notice to the Hon. Secretary before the Annual General Meeting in any year, otherwise that Club will be held responsible for the affiliation fees of the new year.

Rule 2: Registration

(1) No player shall be registered as a league player with more than one Club in the FS at one and the same time.
(2) All Clubs shall notify the Association, in writing, immediately a player in default leaves the Club. Should a player give misleading or false information, the player, not the Club, shall be penalised.
(3) A Clearance Certificate, in duplicate, shall be issued to a player leaving a Club, if his/her obligations to the said Club be discharged. A copy of such Certificate shall be lodged with the Association by the Club's Secretary.
(4) No player shall be eligible to play in any league, match or tournament organised by the Association until he/she has been resident in the FS for at least 30 days immediately prior to such league, match or tournament, or if he/she is a member of any other Association, without the express permission of the Executive

VRYSTAAT PLUIMBALVERENIGING GRONDWET

(2015)

GRONDWET: VRYSTAAT PLUIMBAL

BYLAAG B: REëLS, REGULASIES EN BYWETTE

Reël 1: Affiliasie

(1) Geen geaffilieerde klub word toegelaat om sonder die vooraf toestemming van die Komitee wedstryde teen nie-geaffilieerde klubs te speel nie.
(2) Toestemming moet vanaf die Komitee verkry word vir wedstryde wat teen klubs buite die Vrystaat gespeel gaan word.
(3) Enige geaffilieerde klub wat uit die Vereniging wil uittree, moet voor die Jaarlikse Algemene Vergadering van enige jaar skriftelik aan die Ere-Sekretaris kennis gee, anders sal die klub verantwoordelik gehou word vir die affiliasiefooie vir die nuwe jaar.

Reël 2: Registrasie

(1) Geen speler mag op dieselfde tyd by meer as een klub in die VS as ligaspeler geregistreer wees nie.
(2) Alle klubs moet die Vereniging skriftelik in kennis stel wanneer 'n speler in debiet die klub verlaat. Indien 'n speler misleidende of vals inligting verskaf, sal die speler en nie die klub nie, beboet word.
(3) 'n Klaringsertifikaat, in duplikaat, moet uitgereik word aan 'n speler wat 'n klub verlaat indien hy sy verpligtinge teenoor daardie klub nagekom het. 'n Afskrif van daardie sertifikaat moet aan die Vereniging gelewer word deur die klub se sekretaris.
(4) Geen speler sal verkiesbaar wees nie om te speel in enige liga, wedstryd of toernooi wat deur die Vereniging gereël word totdat hy minstens 30 dae onmiddellik voor die liga, wedstryd of toernooi, in die VS woonagtig was, of as hy 'n lid van enige ander pluimbalvereniging is, sonder die uitdruklike toestemming van die uitvoerende Komitee.

Committee, *(5)* Only registered members of affiliated Clubs shall be allowed to play matches against other affiliated Clubs, whether in competitions or friendlies. (6) No player may play under an assumed name. If in an individual event, the player will be disqualified; in a team event the points for the match will be forfeited. (7) No player not registered shall be allowed to participate in any competitions, championships or tournaments organised by the Association, without the express permission of the committee of the Association.	(5) Slegs geregistreerde lede van geaffilieerde klubs sal toegelaat word om wedstryde teen ander geaffilieerde klubs te speel, hetsy vriendskaplik of in kompetisie. (6) Geen speler mag onder 'n vals naam speel nie. Indien dit in 'n individuele wedstryd gebeur, sal die speler gediskwalifiseer word; indien dit 'n spanwedstryd is, sal die punte van die wedstryd verbeur word. (7) Geen ongeregistreerde speler sal sonder die uitdruklike toestemming van die Komitee van die Vereniging toegelaat word om aan enige kompetisies, kampioenskappe of toernooie wat deur die Vereniging gereël word deel te neem nie.
Rule 3: Control	**Reël 3: Beheer**
(1) The Coaches' and Umpires' sections shall each form a sub-committee who will report to the main committee at their regular meetings by way of a delegate with full voting rights. (2) Where no specific provision is made in the constitution, rules and bye-laws, and the committee finds a player guilty of contravening any of these rules and bye-laws, the committee may suspend such Club or player for a period not exceeding five matches. (3) Sub-committees who will look after the interests of the Senior, Junior (Schools), Veterans/Masters and Rural players respectively may be formed and will report to the main committee at their regular meetings by way of a delegate with full voting rights. A Provincial Players' Representative is elected annually by the players and will report to the main committee at their regular meetings with full voting rights. (4) A manager(ess) will be appointed to represent the Association and forward the interests of any team representing the Association at any inter-provincial tournament. The duties of such manager(ess) will inter alia comprise the following: He/she will - (a) acquaint himself beforehand to the date, time and place of the FS team's participation. (b) acquaint himself with the members of the team's names and telephone numbers after the team is selected and before the relevant tournament. (c) arrange transport and accommodation well in advance of the tournament. (d) accompany the team on their travel, at the tournament and on	(1) Die Afrigters- en Skeidsregters-afdelings moet elkeen 'n subkomitee vorm wat aan die hoofkomitee by hul gereelde vergaderings deur middel van 'n afgevaardigde met volle stemreg verslag doen. (2) Waar geen spesifieke voorsiening gemaak is in die grondwet, reëls en bywette nie, en die Komitee vind 'n speler skuldig daaraan dat hy enige van die reëls en bywette oortree, kan die Komitee so 'n klub of speler se lidmaatskap opskort vir 'n tydperk wat nie vyf wedstryde sal oorskry nie. (3) Subkomitees wat na die belange van die Senior-, Junior (Skole)- en Veterane/Meester- en Platteland-spelers onderskeidelik sal omsien, kan saamgestel word en doen aan die hoofkomitee by hul gereelde vergaderings deur middel van 'n afgevaardigde met volle stemreg verslag. 'n Provinsiale Spelersverteenwoordiger word jaarliks deur die spelers verkies en doen aan die hoofkomitee by hul gereelde vergaderings, met volle stemreg, verslag. (4) 'n Bestuurder moet aangewys word om die Vereniging te verteenwoordig en die belange te behartig van enige span wat die Vereniging by enige interprovinsiale toernooi verteenwoordig. Die pligte van die bestuurder behels onder andere die volgende: Hy moet - (a) homself vooraf vergewis van die datum, tyd en plek van die VS-span se deelname. (b) homself vergewis van die spanlede se name en telefoonnommers nadat die span gekies is en voor die relevante toernooi. (c) vervoer en verblyf 'n geruime tyd voor die toernooi reël. (d) die span op sy heenreis, by die toernooi, en op sy terugreis vergesel.

their return.

(e) takes responsibility for all arrangements off court during the tournament, and assist the team captain in all on court arrangements.

(f) study the play of his team players as well as the opposition teams, so as to enable him to assist the team captain in drawing up combinations and to report to the selection committee after the tournament.

(g) assist the team in umpiring important matches or any matches which will relieve a player of unnecessary stress.

(h) together with the team captain, motivate the team and discuss weaknesses, strengths and strategies with the players in between matches.

(i) report to the committee after each tournament as to the standard of play and general conduct of the team.

In the event of a manager not being available for a specific match or tournament, his duties will be taken over by the team captain.

(5) In sofar as these bye-laws do not specifically provide for any matter, the general rules of the Association or Badminton SA shall apply.

Rule 4: Competitions

(1) Entry fees to championships and other competitions shall, unless otherwise specified, accompany entry forms; otherwise, entry forms so submitted, shall be ruled defective.

(2) No player who has played more than once in the first league during the current/previous season or represented the FS u19 or FS senior A team during the current/previous year shall be allowed to participate in the lower league championships and B Section of Grand Prix tournaments, unless permission is granted by the Committee.

(3) Players who represented the FS "A" side during the current/ previous season shall not be permitted to play together in the FS Handicap Championships.

Rule 5: League

(1) All league matches shall be played in whatever halls are available, commencing at 19:00. The home team shall be responsible for the supply of all the shuttles and score sheets used in league matches,

(e) verantwoordelikheid aanvaar vir alle reëlings van die baan af gedurende die toernooi, en die spankaptein in al die reëlings op die baan bystaan.

(f) die spel van sy spelers sowel as diè van die opposisiespanne bestudeer, om hom in staat te stel om die spankaptein te ondersteun in die uitwerk van kombinasies, en aan die keurkomitee na die toernooi verslag te doen.

(g) die span help deur skeidsregter te wees vir belangrike wedstryde of enige wedstryde wat 'n speler sal verlos van onnodige spanning.

(h) saam met die spankaptein die span motiveer en swakplekke, sterkpunte en strategie met die spelers tussen wedstryde bespreek.

(i) na elke toernooi aan die Komitee betreffende die standaard van spel en algemene optrede van die span verslag doen .

Wanneer 'n bestuurder nie beskikbaar is vir 'n spesifieke wedstryd of toernooi nie, word sy pligte deur die spankaptein oorgeneem.

(5) In soverre hierdie reglement nie spesifiek vir ‘n aangeleentheid voorsiening maak nie, geld die algemene reëls van die Vereniging of Pluimbal SA.

Reël 4: Kompetisies

(1) Inskrywingsfooie vir kampioenskappe en ander kompetisies moet die inskrywingsvorms vergesel behalwe waar anders gespesifiseer; anders sal die inskrywingsvorms voorgelê as gebrekkig gereël word.

(2) Geen speler wat meer as een keer in die eerste liga gespeel het gedurende die huidige/vorige seisoen of die VS o19 of VS senior A-span verteenwoordig het gedurende die huidige/vorige jaar, sal toegelaat word om aan Laer Ligakampioenskappe en B-afdeling van Grand Prix toernooie deel te neem nie, tensy toestemming deur die Komitee verleen word.

(3) Spelers wat die VS A-span gedurende die huidige/vorige seisoen verteenwoordig het, sal nie toegelaat word om saam te speel in die VS Voorgee-kampioenskappe nie.

Reël 5: Liga

(1) Alle ligawedstryde word gespeel in watter sale ook al beskikbaar is en moet om 19:00 begin. Die tuisspan sal verantwoordelik wees vir die

unless a district committee determines otherwise. Only committee-approved shuttles may be used.	verskaffing van al die pluime en telkaarte wat gebruik word in ligawedstryde, tensy 'n distrikskomitee anders bepaal. Slegs komitee-goedgekeurde pluime mag gebruik word.
(2) The Committee shall decide on the method of league play each year.	(2) Die komitee sal elke jaar besluit oor die metode waarop die liga gespeel sal word.
(3) Each team shall fill in a separate score sheet at the beginning of a match. The Captains of the two teams must before 19:00 exchange score sheets. No player shall play more than one game of the same type. The Captains of both teams shall be responsible for sending in a completed score sheet. Any alterations must be initialled by both Captains. Score sheets shall be sent to the League Secretary. Should a match not be played due to the scratching of a team, the score sheets must still be submitted. Failure to do this will result in the defaulter losing points.	(3) Elke span moet 'n aparte telkaart invul aan die begin van 'n wedstryd. Die kapteine van die twee spanne moet voor 19:00 telkaarte omruil. Geen speler mag meer as een spel van dieselfde tipe speel nie. Die kapteine van beide spanne is verantwoordelik daarvoor om 'n volledig ingevulde telkaart in te stuur. Enige veranderings moet deur beide kapteins parafeer word. Telkaarte sal aan die liga-sekretaris gestuur word. Indien 'n wedstryd nie gespeel word nie as gevolg van 'n onttrekking van een van die spanne, moet die telkaarte steeds ingestuur word. Die span wat in gebreke bly om dit te doen sal punte verbeur.
(4) …	(4) …
(5) If a player of any team is more than 15 minutes late, without the prior permission of the opposing team, the points of the first game shall be forfeited, and thereafter one game for every five minutes until 19:30, whereafter all games to have been played by the said player shall be awarded to the non-offending team. Where the opposing team object to allowing late-comers to play, the match shall still take place and both Captains shall make a written report to the committee, whose decision shall then be final and binding. A team whiich is not complete shall forfeit games per player short.	(5) Indien 'n speler van enige span meer as 15 minute laat is, sonder die vooraf toestemming van die opposisiespan, sal die eerste spel se punte verbeur word, en daarna een spel vir elke vyf minute tot om 19:30, waarna al die spelle wat die betrokke persoon moes speel, aan die onskuldige span toegeken word. Wanneer die opposisiespan beswaar het om toe te laat dat laatkommers speel, vind die wedstryd steeds plaas en beide kapteine sal 'n skriftelike verslag aan die Komitee stuur, wie se beslissing dan finaal en bindend sal wees. 'n Span wat te min spelers het, sal spelle per speler te min verbeur.
(6) Postponement of league games will only be allowed if the Clubs can assure the Match Secretary that both halls are not available. Should the Match Secretary find out that one or both of the halls was/were in fact available, the defaulting Club will lose the points of the match. Should a match be postponed the points will be allocated to the team that has not postponed. Rectification shall be done if the match is played and the results submitted.	(6) Uitstel van ligawedstryde sal slegs toegelaat word indien die klubs die ligasekretaris kan oortuig dat beide sale nie beskikbaar is nie. Indien die ligasekretaris uitvind dat een of beide sale wel beskikbaar was, sal die oortreder die punte van die wedstryd verbeur. Indien 'n wedstryd uitgestel word sal die punte aan die span wat nie uitgestel het toegeken word. Regstelling sal gedoen word indien die wedstryd gespeel word en die uitslae ingegee word.
(7) A player who moves from a higher league to a lower, may immediately play in such lower league, provided that the said player shall remain in the same lower league for at least two matches (or provided that the said player shall miss at least two *g*ames in both leagues). Any Club contravening this rule (7) shall forfeit the entire points of the match, subject to the decision of the committee.	(7) 'n Speler wat van 'n hoër na 'n laer liga verskuif, mag dadelik in die laer liga speel mits hy in dieselfde laer liga bly vir ten minste twee wedstryde (of mits hy ten minste vir twee wedstryde in beide ligas nie speel nie). Enige klub wat hierdie reël (7) verbreek, sal al die punte van die wedstryd verbeur, onderworpe aan die besluit van die Komitee.
(8) Any player nominated by a Club who represented that Club in the league, shall not be eligible to play league for any other affiliated club during the same season, UNLESS:	(8) Enige speler wat deur 'n klub genomineer is en die klub verteen-woordig het in 'n liga, mag nie beskikbaar wees nie om liga te speel vir

(a) The player's existing Club be disbanded, (b) The player be transferred from one town to another, within the FS Region. (c) The player waits for 21 days, calculated from the date of clearance certificate. (9) Any Club desirous of entering a protest in connection with the playing of any league fixture in which such Club was/is engaged, shall give written notice, accompanied by R50-00, to reach the Association within 7 days of the date of the match. Should the protest be upheld, the deposit will be refunded. If, however, the protest should prove unfounded, the deposit shall be forfeited. (10) Any Club found playing an ineligible player in any league match, shall forfeit the entire points of the match, whatever the result, provided that the match still be played. The Club penalised, shall be informed in writing, within 14 days, of the committee's decision, (11) Winners of the League shall be decided in the following manner: 2 points for a win and 1 for a draw. If 2 teams complete the league with the same number of points, the winner will be decided on score aggregate. (12) A penalty of R50-00 shall be levied by the association from any club failing to fulfill any fixture, where the said Club fails to notify their opponents at least 24 hours before the match. (13) If less than a team should turn up for a match, the match must still be played, walkovers being awarded against the missing player(s). (14) Clubs desirous of entering teams in the league must send their nominations In writing to the Association's Secretary not less than 7 days prior to the meeting to be held for league arrangements. **Rule 6: Provinsiale Kleure – Formaat en Gebruik** … **Riglyne Vir Kies Van Verteenwoordigende Spanne** … **REGLEMENT: JUNIORKOMITEE**	enige ander geaffilieerde klub gedurende dieselfde seisoen TENSY: (a) die speler se bestaande klub ontbind, (b) die speler verhuis vanaf een dorp na 'n ander binne die VS gebied, (c) die speler 21 dae wag, bereken vanaf die datum van die klaring-sertifikaat. (9) Enige klub wat 'n klagte het met betrekking tot nakoming van 'n ligabepaling waarby daardie klub betrokke is, moet skriftelik kennis daarvan gee, vergesel van R50-00, en moet die Vereniging bereik binne sewe dae vanaf die datum van die wedstryd. Indien die klagte aanvaar word, sal die deposito terugbetaal word, maar indien die klagte ongegrond bevind word, sal die deposito verbeur word. (10)Enige klub wat blyk met 'n ongemagtigde speler in 'n ligawedstryd speel, sal al die punte van die wedstryd verbeur, wat ook al die uitslag, met dien verstande dat die wedstryd steeds plaasvind. Die klub wat gestraf word, moet binne 14 dae skriftelik van die Komitee se besluit verwittig word. (11)Wenners van die liga sal op die volgende wyse bepaal word: twee punte vir 'n wen en een punt vir 'n gelykop spel. Indien twee spanne die liga met dieselfde aantal punte afsluit, word die wenner bepaal op die totale telling. (12)'n Boete van R50-00 word deur die Vereniging gehef op enige klub wat nalaat om enige liga-bepaling na te kom, indien die betrokke klub nalaat om hul teenstanders ten minste 24 uur voor die wedstryd in kennis te stel. (13)Indien minder as 'n span opdaag vir 'n wedstryd moet die wedstryd steeds gespeel en oorlope toegeken word teen die afwesige speler(s). (14)Klubs wat spanne in die liga wil inskryf moet skriftelike nominasies aan die Vereniging se sekretaris stuur nie minder nie as sewe dae voor die vergadering wat gehou word om die ligareëlings te tref. **Reël 6: Provinsiale Kleure – Formaat en Gebruik** 1.1 **VS Sport Kleure:** Dit word bevestig dat alle A-spanne met die Free State Sport Confederation (FSSC) se klere moet deelneem. Dit is die "cheetah"-embleem met onderskeidende balkie (byv. Badminton/Juniors of Badminton/Seniors). **VS Pluimbal Kleure:** Dit word bevestig dat alle B-spanne met die VS Pluimbal (VSP) se klere moet deelneem. Dit is die amptelike VSP embleem met geen onderskeidende balkie.

	1.2 **VS speeldrag:** **Hemde:** Soos geregistreer met inagneming van FSSC en VSP regulasies. **Broeke/rompe:** Soos geregistreer met inagneming van FSSC en VSP regulasies. 1.3 … 1.4 Volle VS kleure MOET vir alle amptelike inter-provinsiale toernooie gedra word. 1.5 Mans formele "funksie" drag sal wees: Swart baadjie met wapen, wit hemp met VS das, swart broek en swart skoene. Dames formele "funksie" drag sal wees: Swart baadjie met wapen, eenderse kleure soos onderling ooreengekom. 1.6 Wanneer alle kleure reëlings in plek is, sal baadjie sakwapens uitgedeel word aan spelers met span aankondiging (simbolies indien wapen reeds verdien is). 1.7 Alle wapens en klere sal vir die spelers se eie koste wees. **Riglyne Vir Kies Van Verteenwoordigende Spanne** **"**Verteenwoordigende spanne" sal beteken spanne wat die Vrystaat op SA Inter-provinsiale toernooie en ander amptelike Inter-provinsiale toernooie (3 & 4-hoekig) verteenwoordig. "Bevestiging van affiliasie" sal beteken dat 'n instansie wat bevestig dat 'n speler deur die instansie by die VSPV geaffilieer is/word, onvoorwaardelik verantantwoordelikheid aanvaar vir die oorbetaling van die betrokke affiliasiegelde aan die VSPV ongeag die reëlings vir betaling wat met die geaffilieerde speler aangegaan is/word. 2.1 Geen speler kan vir 'n verteenwoordigende span gekies word nie indien die speler nie skriftelike bevestiging kan voorlê dat hy/sy amptelik by die VSPV geaffilieer word nie, hetsy deur die Junior Komitee (namens 'n skool/sosiale klub) of 'n klub wat amptelik by die VSPV geaffilieer is. 2.2 Junior spelers tot en met 0/19 kan vir verteenwoordigende spanne oorweeg word - 1. indien hulle aan die toepaslike Geslote toernooi deelgeneem het, tensy hulle 'n geldige verskoning wat die Komitee aanvaar het, vooraf aangebied het; en 2. indien hulle voldoen het aan enige ander amptelike vereistes wat die Komitee bepaal het.

	2.3 Alle ander spelers tot en met Groot Meesters kan vir verteenwoordigende spanne oorweeg word - 1. indien hulle in 50% van die toepaslike liga-wedstryde vir hul klubs speel; en 2. indien hulle in ten minste 50% van die amptelike Grand Prix-toernooie (die Voorgee-toernooi ingesluit) speel, tensy die datum van hul toepaslike Geslote toernooi hierdie reël onmoontlik stel, in welke geval die Grand Prix toernooie van die onmiddelik voorafgaande jaar in ag geneem sal word; en 3. indien hulle beskikbaar is vir elke verteenwoordigende span waarvoor hulle volgens ouderdom mag kwalifiseer; en 4. indien hulle aan die toepaslike Geslote toernooi deelneem; en 5. indien hulle deelneem aan 'n bepaalde getal groepoefeninge wat die VSPV of sy sub-komitees mag instel met die oog om sy spelers beter te laat voorberei vir verteenwoordigende toernooie; tensy hulle skriftelik 'n verskoning wat vir die komitee aanvaarbaar is vooraf indien (bv. Onvermydelike werksvereistes, siekte, ens.). 2.4 Alle ander spelers wat as Silwer Arende kwalifiseer kan vir verteenwoordigende spanne oorweeg word indien hulle aan die Silwer Arende Geslote toernooi deelneem. 2.5 Behalwe vir bogemelde kwalifikasies sal die keurders daarna streef om te alle tye die sterkste moontlike spanne, gebaseer op huidige vorm en vermoëns, te kies. 2.6 Die Juniors uitgesluit, mag daar van tyd tot tyd voorkeur gegee word aan jonger spelers met die kies van die spanne maar slegs indien die jonger speler volgens huidige vorm en vermoë nie 'n beduidende swakker proposisie as die ouer speler is nie, (gesien in die verband waarvoor die betrokke speler aangewend gaan word) en die jonger speler dus nie die span in die geheel gesien, sal verswak nie. 2.7 Die volgende reël geld slegs vir spanne vanaf Veterane tot en met Groot Meesters. Die keurders moet bogenoemde riglyne vir die kies van spanne nakom. Indien daar nie genoeg spelers is wat kwalifiseer en beskikbaar is om gekies te kan word nie, het die keurders die reg om 'n maksimum van twee spelers wat nie aan al die vereistes voldoen nie te mag kies. Spelers wat kwalifiseer,

ongeag hul sterkte, moet voorkeur geniet vir keuse tot die span indien hulle beskikbaar is.

2.8 'n Verteenwoordigende span mag nie meer as 50% van spelers uit die toepaslike spelersbank van BSA gebruik nie.

oOo

REGLEMENT: JUNIORKOMITEE

Inleiding

Die Vrystaat Pluimbal Juniorkomitee erken die Vrystaat Pluimbalvereniging se grondwet en diè se gesag oor hom, en spesifiek die volgende klousules van die grondwet:

Die Vereniging word die Vrystaat Pluimbalvereniging (hierinverder die Vereniging) genoem (Art. 1(a)).

Die genoemde jurisdiksie word administreer deur vyf distrikte, die onderskeie gebied van elkeen synde die geo-politiese areas soos in Bylaag A getoon. Die Vereniging kan sy jurisdiksie in verskillende afdelings uitoefen, naamlik 'n Skeidsregters-, Afrigters-, Senior (Ope), Junior (Skole)-, Veterane/Meesters- en Platteland-afdeling (Art. 2(b)).

Die Vereniging word geaffilieer by en onderskryf die reëls en regulasies van Pluimbal Suid-Afrika. Die Vereniging kan ook affilieer by enige koepelliggaam wat in die algemeen sport bevorder (Art. 5(a)).

Die Komitee het die bevoegdheid om subkomitees aan te wys, en om enige of al sy bevoegdhede aan sodanige subkomitee(s) te delegeer, en enige sodanige komitee of sub-komitee tree op vir en/of namens die Vereniging soos nodig (Art. 8(d)).

Subkomitees wat na die belange van die Senior-, Junior (Skole)-, Veterane/Meester- en Plattelandspelers onderskeidelik sal omsien, moet saamgestel word en doen aan die hoofkomitee by hul gereelde vergaderings deur middel van 'n afgevaardigde met volle stemreg verslag (R3(3)).

Die Komitee het die bevoegdheid om reëls en regulasies te maak, te wysig en te herroep, om die sake van die Vereniging te reël, mits sodanige reëls en regulasies nie in stryd is met die grondwet van die

	Vereniging nie (Art. 8(e)). 'n Bestuurder moet aangewys word om die Vereniging te verteenwoordig en die belange te behartig van enige span wat die Vereniging by enige interprovinsiale toernooi verteenwoordig. Die pligte van die bestuurder behels onder andere die volgende: Hy moet - (a) homself vooraf vergewis van die datum, tyd en plek van die VS-span se deelname. (b) homself vergewis van die spanlede se name en telefoonnommers nadat die span gekies is en voor die relevante toernooi. (c) vervoer en verblyf 'n geruime tyd voor die toernooi reël. (d) die span op sy heenreis, by die toernooi, en op sy terugreis vergesel. (e) verantwoordelikheid aanvaar vir alle reëlings van die baan af gedurende die toernooi, en die spankaptein in al die reëlings op die baan bystaan. (f) die spel van sy spelers sowel as diè van die opposisiespanne bestudeer, om hom in staat te stel om die spankaptein te ondersteun in die uitwerk van kombinasies, en aan die keurkomitee na die toernooi verslag te doen. (g) die span help deur skeidsregter te wees vir belangrike wedstryde of enige wedstryde wat 'n speler sal verlos van onnodige spanning. (h) saam met die spankaptein die span motiveer en swakplekke, sterkpunte en strategie met die spelers tussen wedstryde bespreek. (i) na elke toernooi aan die Komitee betreffende die standaard van spel en algemene optrede van die span verslag doen. Wanneer 'n bestuurder nie beskikbaar is vir 'n spesifieke wedstryd of toernooi nie, word sy pligte deur die spankaptein oorgeneem (R3(4)). Daar sal drie keurkomitees wees: een vir Juniors, een vir Seniors, en een vir Veterane/Meesters. Elke keurkomitee bestaan uit drie gekose lede wat by die JAV genomineer word, waarvan geen twee lede van dieselfde klub mag wees nie. Indien 'n keurkomitee as gevolg van bogenoemde beperking nie saamgestel kan word nie, mag die beperking geïgnoreer word en mag tot twee persone van dieselfde klub gekies word (Art. 10(a)). **1. Juniorkomitee** 1.1 Behalwe waar anders voorsien word in die grondwet van die

	Vereniging, is die algehele bestuur van juniorpluimbal gevestig in 'n Juniorkomitee soos deur die Vereniging goedgekeur, bestaande uit: (1) Die ampsdraers van die Juniorkomitee, naamlik die voorsitter, ondervoorsitter, en sekretaris/tesourier; (2) Vier gekose lede, anders as die ampsdraers, of hul sekundi, wat as sameroepers vir die o11/13-, o15-, o17-, en o19- en platteland-groepe sal dien; (3) Drie gekose lede wat as organiseerders van skoleliga en ander ontwikkeling sal dien. 1.2 Die ampsdraers en ander lede word jaarliks verkies op 'n jaarlikse algemene vergadering soos hieronder bepaal. 1.3 Geen persoon sal verkiesbaar wees indien hy/sy nie 'n bona fide-ouer van 'n geaffilieerde junior, of self 'n geaffilieerde speler, is nie. 1.4 (1) Die Juniorkomitee moet minstens een keer per kwartaal vergader. (2) 'n Kworum vir 'n komiteevergadering bestaan uit vyf lede. (3) Enige komiteelid wat sonder vooraf verskoning van twee komiteevergaderings afwesig is, sal ipso facto ophou om 'n lid van die Juniorkomitee te wees. Die Juniorkomitee is bevoeg om vervangende of addisionele lede te koöpteer. 1.5 Die Juniorkomitee-vergadering se sake is: (1) Bevestiging van die kennisgewing ter belegging en die kworum van die vergadering. (2) Lees en bekragtig van die notule van die vorige vergadering. (3) Ontvangs van die verslae van ampsdraers en sameroepers, en goedkeuring van verdere optrede: o Kontrole, administrasie en skakeling o Ontwikkeling o Skoleliga o Toernooie o o11/13-, o15-, o17-, en o19-sake o Platteland (4) Oorweging van mosies en versoeke wat ontvang is. (5) Afhandeling van enige tersaaklike aangeleenthede. **2. Jaarlikse Algemene Vergadering (Van Betrokke Ouers)**

2.1 Die Jaarlikse Algemene Vergadering van die ouers van geaffilieerde juniors word gedurende November van elke jaar gehou.

2.2 Kennisgewing ter belegging van die vergadering moet ten minste agt-en-twintig dae voor die vergadering aan die sekretarisse van al die geaffilieerde klubs gepos word.

2.3 Indien 'n wysiging in of 'n byvoeging tot die reëls van die reglement oorweeg word, moet kennisgewing daarvan ten minste veertien dae voor die datum van die vergadering skriftelik aan die Sekretaris gestuur word.

2.4 Die Jaarlikse Algemene Vergadering (JAV) se sake is:

(1) Bevestiging van die teenwoordige ouers se belang.
(2) Bevestiging van die kennisgewing ter belegging en kworum van die vergadering.
(3) Lees en bekragtig van die notule van die vorige JAV.
(4) Ontvangs van die Voorsitter se verslag.
(5) Voorlegging van die finansiële verslag.
(6) Oorweging van mosies waarvan behoorlik kennis gegee is.
(7) Verkiesing van ampsdraers en ander komiteelede vir die volgende jaar.
(8) Afhandeling van enige tersaaklike aangeleenthede.

3. Spesiale Algemene Vergaderings

Die Juniorkomitee mag, wanneer hulle dit nodig ag, of op skriftelike versoek van enige geaffilieerde klub, 'n Spesiale Algemene Vergadering van ouers belê. Enige sodanige versoek moet by die Sekretaris ingelewer word. Die vergadering moet dan binne een maand na sodanige inlewering gehou word. Kennisgewing van alle Spesiale Algemene Vergaderings moet ten minste veertien dae voor sodanige vergadering aan die sekretarisse van alle geaffilieerde klubs en lede van die Juniorkomitee gegee word. Alle sake wat op die vergadering bespreek gaan word, moet duidelik in daardie kennisgewing uiteengesit word.

4. Kworum en Prosedure

4.1 Die kworum vir alle algemene vergaderings sal ten minste 50% verteenwoordiging van die geaffilieerde klubs met juniorlede wees. Indien die aantal persone teenwoordig 30 minute na die

	geadverteerde tyd van die vergadering nog onvoldoende vir 'n kworum is, word die vergadering vir sewe dae verdaag. Indien by sodanige verdaagde vergadering die nodige kworum nie teenwoordig is nie, sal die aanwesige lede handel en sake behartig asof hulle 'n kworum vorm. 4.2 In die geval van 'n Spesiale Algemene Vergadering word die vergadering gekanselleer indien daar 30 minute na die geadverteerde tyd van die vergadering nog nie 'n kworum teenwoordig is nie. 4.3 Alle besprekingspunte wat op 'n JAV of 'n Spesiale Algemene Vergadering te berde kom, word met 'n meerderheid van stemme beslis, behalwe wysigings aan die reglement, waar die meerderheid nie minder nie as twee-derdes van die ouers teenwoordig en stemgeregtig moet wees. 4.4 Stemming oor alle sake vind plaas met die opsteek van hande, behalwe wanneer die voorsitter van die vergadering 'n stembrief gelas. Elke ouer van 'n geaffilieerde junior het een stem. Die voorsitter is geregtig op 'n beslissende stem indien daar 'n staking van stemme voorkom. 4.5 Kennisgewing van 'n vergadering deur die pos gegee, sal beskou word as voldoende kennis. 4.6 Skriftelike nominasies vir ampsdraers om verkies te word, en aanvaarding deur genomineerdes, moet ten minste 14 dae voor die relevante vergadering aan die Sekretaris gestuur word. In die geval waar geen geldige nominasies ontvang is nie, mag nominasies by die Algemene Vergadering van die vloer gedoen word. **5. ALGEMEEN** In soverre hierdie reglement nie spesifiek vir 'n aangeleentheid voorsiening maak nie, geld die algemene reëls van die Vereniging of Pluimbal SA. ~~~~~~ 2011:10:26